Die Voortrekkers

Transvaal
Omsendbrief
Maart 2021

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

12 Maart 2021

Beste voortrekkervriende,

1. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Die eerste kwartaal het later as gewoonlik begin; en dagboeke word gereeld opgedateer met datums wat aangepas word. Dit is verblydend om te sien hoe ons *Groot gaan*!!

Ons *gaan Groot* met die onthulling van die oorde se nuwe oordwapens.

Ons *gaan Groot* deur diens te lewer saam met Cansa en Shavathon.

Ons *gaan Groot* met gebiedskampe wat hard aan die beplan is vir hul April kampe.

Ek deel graag 'n BOER SE GEBED en skriflesing: Rom 8:28 - "*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet*."

'n BOER SE GEBED
Die nuwe dominee op die dorp word uitgenooi na 'n manne-ontbyt saam met 'n groep boere.
Hulle vra een van die ouer boere om die seën vir die ete te vra.
"Here " begin hy. "U weet hoe ek karringmelk haat."
Die dominee is geskok.
Hy loer onderlangs na die boer.

"Here, ek haat varkvet," bid die boer voort.
Die dominee is geskok.
Hy loer weer onderlangs na die boer.
Hy is ongemaklik.
Hy weet nie wat om te dink nie.

"En Here, U weet dat ek rou koekmeel nie kan vat nie," bid die boer voort.
Die dominee loer weer en sien dat van die ander boere ook ongemaklik raak.

Die boer bid voort:
"Maar, Here, wanneer ons dit alles saamgooi, dit meng en bak, kry ons die lekkerste beskuit. So, Here, wanneer dinge gebeur waarvan ons nie hou nie, wanneer die lewe druk en ons sukkel om te verstaan wat U vir ons wil sê help ons om te ontspan en op U te wag terwyl U die bestanddele meng en die beskuit bak. Ons kan nie wag vir die beskuit nie.

Amen."

In ons pogings om aan te pas en *Groot* te gaan, glo ek ons kan met die boer se gebed vereenselwig. Ons kan geneig wees om op die “karringmelk, varkvet en koekmeel” te fokus en vergeet van die beskuit (eindproduk).

Daar is baie dinge waarvan ons nie hou nie en die mengproses is nie altyd lekker nie, maar kom ons ontspan en fokus op die eindproduk. Kom ons sien met verwagting uit na dit wat God vir ons wil gee.

Kom ons *gaan Groot* met die fokus op die verskillende eindprodukte, onder andere gesondheid; verantwoordelike optredes; diens aan ons gemeenskap. Gebiedskampe en voortrekkeraktiwiteite.

2. Administrasie
(Stadige verkeer)

2.1 Lederegistrasies

Ons is baie dankbaar met die nuus dat daar tans 4976, bykans vyfduisend (5000) geregistreerde voortrekkerlede in Transvaal is.
Die lederegistrasies op Vrydag 12 Maart is as volg verteenwoordig:
Oord Bergenbos = 790
Oord Oosterlijn = 2134
Oord Oosvaal = 554
Oord Noordvaal = 1428

Die volgende uitdagings met die lederegistrasies en bevestiging van ledegetalle word ondervind:

1. **Gebied:** Die betrokke gebied waarin die lid val word nie aangedui nie. Herinner asb. almal dat alle geregistreerde lede tans lede van Transvaal Voortrekkers is.
2. **Oord:** Die name van die oorde word nie aangedui op die lederegistrasies lidmaatskap elektroniese vorm nie. Daar is tans ‘n verskil van Sewentig (70) lede waar oorde nie voltooi is nie.
3. **Ontdekkers:** Ontdekkers word as Penkop en Drawwertjie jeuglede aangeteken. Dit veroorsaak dat die aantal betalende lede verskil en maak ‘n wesenlike verskil ten opsigte van betalings wat vereis word deur Hoofkantoor. Alle AKL Admins word versoek om asb die lederegistrasies te verifieer.

Onthou Paragraaf 12 in hoofstuk 3 van die Reglement bepaal as volg insake lederegistrasies:

12.6 Dat die administrasie- en registrasiegeld gedeelte van lederegistrasies twee (2) aparte prosesse is.

12.7 Dat die administrasie gedeelte van lederegistrasies teen die einde Februarie van die betrokke jaar afgehandel moet wees.

12.8 Dat die registrasiegelde teen die einde van die datum, soos bepaal deur Hoofbestuur, van die betrokke jaar afgehandel moet wees.

12.9 Na die afsnydatum word lede outomaties onaktief gemaak, indien die registrasiegelde nie betaal is nie.

12.10 Dat die registrasiegelde na ontvangs so gou as moontlik aan die Hoofkantoor oorbetaal moet word.

12.11 Dat lederegistrasies nie teruggehou mag word, omdat registrasiegelde nog nie betaal is nie.

12.12 Lidmaatskap van lede word nie beëindig wanneer ‘n lid nie sy registrasiegelde kan betaal nie, maar sy/haar deelname en erkenning word opgeskort, totdat die volle registrasiegelde ontvang is.

12.13 Deregistrasies kan net deur kommando’s gedoen word tot en met 31 Mei van elke jaar en daarna kan enige deregistrasie slegs gedoen word deur Hoofkantoor.

2.2 SAS2

Dit is egter belangrik om op die volgende te let: Vir alle kommandowerk - **Gebruik die kommando- profiel om in te teken.** (Nie jou eie profiel)
Gebruik gerus die volgende skakel
https://sas2.voortrekkers.co.za/workgroups/group/83/disk/path/
vir die SAS2 handleidings wat beskikbaar is.

2.3 Gebiedsjaarprogram

Hiermee die nuutste weergawe van die gebiedsjaarprogram gedateer 10 Maart 2021 na aanleiding van die gewysigde PV teoretiese vraestel wat nou op 10 Mei geskryf sal word.
https://transvaal.voortrekkers.co.za/dokumente/2021/03/2021-gebiedsjaarprogram-10-maart-2021.pdf (10 Maart 2021)

2.4 2020 Kommando en Oordjaarverslae

Dit word met dankbaarheid bevestig dat die meeste kommandojaarverslae ontvang is.
Enkele 2020 kommandojaarverslae is uitstaande.
Daar is tot op hede twee (2) 2020 oordjaarverslae ontvang.
Opvolgwerk word tans gedoen.

2.5 Administrasie en SAS navrae / kommunikasie

Enige navrae rakende Transvaal voortrekker admin en SAS -sake moet asb gerig word aan admin@transvaal.voortrekkers.co.za. Die navrae sal dan na die korrekte persone gekanaliseer word.

3. Finansies en Terreine

(Terreine & Fondse)

3.1 Ledegelde 2021:

Ledegeld vir 2021 is as volg:
Jeuglede - R480.00 (vierhonderd-en-tagtig rand)
Staatmakers - R220.00 (tweehonderd-en-twintig rand)
Offisiere - R480.00 (vierhonderd-en-tagtig rand)
Heemraadslede - R250.00 (tweehonderd-en-vyftig rand)

Baie dankie aan die Kommando's wat reeds hulle eerste ledegelde vir 2021 oorbetaal het aan die einde van Februarie 2021. Neem asseblief kennis dat volgens die Gebiedsjaarprogram daar geleentheid is om maandeliks ledegelde oor te betaal, soos dit ontvang word in die Kommando. Die maandelikse oorbetaling maak die taak baie ligter om nie onnodige lang ure te spandeer teen die finale sperdatum vir oorbetaling nie.

Neem asb ook kennis dat alle 2021 PV kandidate se ledegelde moet teen 31 Maart 2021 oorbetaal wees om aan die PV proses te kan deelneem.

Alle ledegelde vir 2021 moet asseblief teen 30 April 2021 oorbetaal wees.

3.2 Subsidies aan lede

Kontak gerus jou AOL Finansies in jou Oord vir die proses en versoeke vir subsidies aan lede.

3.3 Korting aan volwasse lede met meer as vyf (5) jaar aaneenlopende diens

Die korting van eenhonderd rand (R100.00) wat die afgelope paar jare toegestaan is sal ongelukkig nie weer beskikbaar wees in 2021 nie.

4. Bemarking

(Groei)

4.1 ARISS

Weens covid-19 is ARISS weereens onbepaald uitgestel. Ons wag op NASA om nuwe moontlike datums deur te gee.

4.2 Feesjaar 2021

4.2.1 Feesjaar embleme

Gebruik asseblief een van die twee amptelike fees embleme op alle bemarkingsmateriaal. 'n Lêer is op Die Voortrekker webtuiste se bemarkingsargief

geskep waar alle feesjaar material vir almal se gebruik gevind kan word, bv. die e-pos handtekening ens.
https://voortrekkers.co.za/biblioteek/#578-wpfd-90-fees-1612459710

4.2.2 Projekte

Die hoofdoel van die feesjaar se bemarking is om so veel moontlik plaaslike; sosiale media en verkieslik hoofstroom media te bewerk vir Voortrekker blootstelling en ledewerwing. Siende ons tema “Voortrekkers Gaan Groot” is, beplan gebiede, oorde, kampe en kommandos allerhande aksies met hopelik groot impak wat onder andere insluit:

a. Groot gemeenskapsdiens projekte
b. Wêreldrekord pogings
c. Al die Oorde beplan reeds aan opwindende projekte vir bg. Hou asseblief sosiale media en jul interne kommunikasie platforms dop vir meer inligting hieroor!
d. Kommandos, kampe en spanne moet asb ook hul “Gaan Groot” projekte wyd-en-syd uitbasuin op “oop” sosiale media om die plaaslike gemeenskap in te lig en belangstelling te kweek.
e. Daar word voorgestel om alle projekte “plooibaar” te beplan met ‘n Plan A (klein groepe; e-formaat komponent; ergste scenario itv Covid; die “minimum” plan wat definitief uitgevoer kan word) asook ‘n Plan B (die opskallering van die klein plan op ‘n redelike kort kennisgewing om meer mense te betrek indien inperkings-getalle skielik “verslap” oor die tydlyn van die projek).

4.2.3 KANSA Shavaton

KANSA is ook vanjaar 90 jaar oud! Daarom het ons hande gevat met hulle en die **"Voortrekkers Gaan Groot vir KANSA"** - projek tussen 27 Februarie en 27 Maart geloods.
Transvaal gebied se vier oorgangsoorde staan saam om die volgende "9x" mylpale te probeer bereik.

Kyk waar staan ons reeds na twee (2) weke se Voortrekker Shavaton bedrywighede:

Ons Teikens: 27 Februarie - 27 Maart	Ons resultate: 27 Februarie - 12 Maart
90 plus poniesterte skenk	**112**
900 plus poenskoppe sny	**95**
9,000 plus koppe verf	**922**
R90, 000 plus insamel	**R51,000**

Kom ons werp alles in die stryd om al ons teikens te probeer bereik of oortref! Dit lyk asof dit "baie moeilik" is om koppe geverf te kry of vir die manne om bietjie net een keer vir 'n goeie saak die moed te skep om "poenskop" te gaan? Baie geluk en baie dankie aan elke dame of dogter wat hul poniesterte geskenk het. Die pragtige pruike wat daarmee gemaak gaan word gaan al reeds eenhonderd-en-twaalf (112) mense se lewens verander!

Alle kommandos wat nog nie 'n plek het om 'n Shavaton aksie aan te bied nie, kan gerus hul streeksverteenwoordiger by KANSA dringend kontak, wat jul met al die reëlings sal help.
'n Kontaklys, met die KANSA verteenwoordigers vir elke streek in Suid Afrika, asook die doelgemaakte Afrikaanse Shavaton advertensie, met die Voortrekker embleme daarop, is by die volgende skakel beskikbaar:
https://voortrekkers.co.za/biblioteek/#585-wpfd-kansa

4.3 Algemene bemarking

4.3.1 Bemarkingsmateriaal

Gebruik asseblief die "**JUIG**" advertensie as gedrukte of elektroniese bemarkings pamflet. Dit, tesame met verskeie nuwe bemarkings videos en verskeie prentjies van Kuifie, Faf en Arthur is ook beskikbaar op Die Voortrekkers webtuiste se bemarkingsargief: https://voortrekkers.co.za/biblioteek/#147-wpfd-bemarking.

4.3.2 Deel van ontwerpe

Stuur asseblief alle videos, of ander materiaal wat julle ontwerp en ook deur ander kommandos gebruik kan word, aan AGL Bemarking (riaandupreez360@gmail.com) of aan Hendri van der Loo (hendri@hclunlimited.co.za) vir plasing in hierdie bemarkings argief op Die Voortrekkers se webtuiste. So help ons mekaar, veral vir diesulkes wat bietjie sukkel om bemarkingsmateriaal vir hul kommandos te ontwerp!

4.3.3 Sosiale media momentum

Omdat ledewerwing eintlik op grondvlak by kommandos vanuit hul gemeenskappe plaasvind, is dit uiters noodsaaklik dat kommandos, offisiere en huidige ouers van lede hul kommando se “bemarkingsverspreiders” is! Alle aksies en nuus en projekte wat nasionaal óf op gebieds/oord vlak gereël en uitgestuur word asook alle lekker kamp-en-spanaktiwiteite moet plaaslik so konstant en wyd moontlik uitgestuur word. Daarvoor het ons die volgende nodig:

a. “Oop FB bladsye” vir bemarking asb! – Kommandos en Oorde.
b. Plaas van doelgemaakte “advertensies”/fotoversamelings/videos ens van lede/jeuglede wie se fotos wel gebruik mag word. (Plaas massas fotos in argiewe of op geslote groepe.)
c. Maak seker die materiaal (advertensies; videos; ens) bevat ten minste duidelike Voortrekker identiteit of verwysings, anders dink die publiek ons bemark die Scouts of “Sewende Laan se Veldskool”.
d. Vra alle offisiere en ouers om plasings te “like” sover moontlik.
e. Probeer om “nuwe likes” op te volg as hul nie reeds betrokke is by die VT’s
f. Stuur e-pamflette/videos ens…

4.3.4 Bemarkings werkswinkels

Weens Covid-19 word aanlyn bemarkings aanbiedings (kort Hoe-oms) asook een groot bemarkings- webinaar later in die jaar beplan.

5. Gebiedskampe; GGA en GGN Aktiwiteite

Spanbyeenkomste, spankampe, GGA/GGN dae asook gebiedskampe kan wel geniet word. Gebruik asseblief julle gesigmaskers en handreiniger en volg die Covid-19 protokol.

Die wetgewing met betrekking tot massa byeenkomste is nie die enigste aspek wat in gedagte gehou moet word nie. Die Voortrekkers het ‘n verantwoordelikheid teenoor ons land, volk en medemens om die verspreiding van die virus te stop en infeksies te verminder.

Ons eerste prioriteit is die veiligheid van Voortrekkers op ons kampe en tydens ons aktiwiteite.

6. Penkop en drawwertjie sake

(Leer speel-speel)

6.1 GGA/GGN

As gevolg van Covid-19 is daar kommandos wat noodgedwonge hulle datums moet aanskuif of kanselleer. Skrywe is aan betrokke persone uitgestuur en nadat terugvoer ontvang is en goedkeuring plaasgevind het sal die nodige aanpassings deurgegee word om op die jaarprogram gewysig te word indien nodig.

.

6.2 Voorslag

Voorslag datum: 3-5 September 2021

Of die kinders prakties of teoreties getoets gaan word, sal dit op hierdie naweek plaasvind – die datum gaan nie aangepas word nie.

Let asb daarop dat daar 'n nuwe Voorslag prospektus en ander kommunikasie beskikbaar is op die Voortrekkers se webblad – onder Biblioteek, PD sake, Voorslag.

Offisiere moet asseblief sorg dat hulle die nuutste weergawe gebruik. Daar is veranderinge aangebring ten opsigte van die vereistes om te kan kwalifiseer vir toelating tot Voorslag 2021.

6.3 Span aktiwiteite

Dankie vir alle offisiere wat moeite en met nuwe idees die spanvergadering aanbied. Verwys asb na die nuutste kennisgewing oor die Covid-19 regulasies vanaf die taakspan as julle onseker is oor byeenkomste.

6.4 Spesialisasies

As jy kennis het en belangstel om deel te wees van die groep persone wat gaan saamwerk om die spesialisasies – registreer asb soos per kennisgewing uitnodiging.

6.5 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asb gerig word aan kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za die kantoor sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.

7. Verkennersake

(Produk in wording)

7.1 PV 2021

Die PV-Teoretiese vraestel se datum is aangepas om in lyn te wees met die verandering in die skoolprogram.

Die PV-Teoretiese vraestel sal vanjaar op **10 Mei 2021** geskryf word.

Besoek pv.voortrekkers.co.za vir alle inligting en kennisgewings oor die Presidentsverkennerproses.

8. Staatmakers

(Apart maar Saam)

Ons trek reeds in die derde maand van 2021. Vir baie Staatmakers dui Maart 2021 op 'n verandering van hul omstandighede. Heelwat Staatmakers keer terug werk toe en werk minder aanlyn, universiteite begin weer en nog 'n jaar van akademie lê voor en vir ons eerstejaars is dit die begin van 'n splinternuwe fase in hul lewe. Ook in Die Voortrekkers is Maartmaand dan ook nou weer 'n nuwe wegspring geleentheid vir Staatmakeraktiwiteite. As ek kyk waar Staatmakers reeds in 2021 betrokke was, sien ek met groot opgewondenheid daarna uit om saam met julle GROOT te gaan in 2021. Hiermee ‘n paar punte wat ons spesifiek onder jul aandag wil bring:

8.1 Bedanking van MJ Gouws

MJ het bedank as GSD van Transvaal in Januarie 2021 weens werk en studieverpligtinge. AGSD Charene Agenbach sal as waarnemende GSD die posisie vul tot die volgende GSR-verkiesing in Julie 2021. Kontakbesonderhede is as volg: 0828349971 of transvaal.staatmakers@gmail.com.

8.2 Kommunikasieplatforms

Die NSR werk tans aan verskeie Staatmakersake (waaronder die moontlike verandering van die Staatmakerwapen en Staatmakerreglemente) en wil soveel moontlik Staatmakers se opinies in ag neem in die proses. Bemarking van Staatmakeraktiwiteite en projekte word ook via hierdie platforms gedeel. Om kommunikasie te vergemaklik word Staatmakers gevra om aan te sluit by een/beide van die volgende WhatsAppgroepe (enige Staatmaker kan aansluit - nie net lede in Staatmakergroepe nie). Kommando's word gevra om asseblief die skakels te deel met Staatmakers in hul kommando's en hul aan te moedig om aan te sluit. Die Staatmakers se onderskeie sosiale media bladsye kan ook gevolg word vir meer inligting.
Groep vir Staatmakers in Transvaal:
https://chat.whatsapp.com/DdqYzJSQz4v5Xv58NDkmPB
Groep vir alle Staatmakers (nasionaal):
https://chat.whatsapp.com/JK4i6kFFgDT5KQHkmA5B65

8.3 90P90

90P90 is die Staatmakers (veral in Transvaal) se groot gemeenskapsprojek vir 2020/2021. Ter viering van Die Voortrekkers se 90ste verjaardag poog ons om 90 projekte af te handel gedurende hierdie tydperk. Ons vorder reeds goed. Almal is welkom om die projekte te ondersteun (vele hande maak ligte werk). Staatmakers is welkom om hul eie projekte aan te pak of betrokke te raak by bestaande projekte. Hou ons sosiale media en WhatsAppgroepe dop vir meer inligting.

8.4 Nasionale Staatmaker Saamtrek (NSS)

Sou covid-19 regulasies dit toelaat word ‘n Nasionale Staatmaker Saamtrek beplan vir Augustus/September op Doornkloof in die Vrystaat. Meer inligting hieroor sal binnekort gedeel word.

9. Volwasse sake

(Oplei en toerus)

9.1 Oorde se Volwasse Sake Verteenwoordigers

Baie dankie aan die volgende persone wat hulle Oorde verteenwoordig op Tvl se Gebiedskomitee Volwasse Sake:
Oord Bergenbos – Erika van Heerden
Oord Noordvaal – David Scribante
Oord Oosterlijn – Carin Coetzer
Oord Oosvaal – Tarina van der Merwe
Staatmakers – Charene Agenbach

9.2 Voortrekker Biblioteek

Gaan besoek asseblief die Biblioteek by https://voortrekkers.co.za/biblioteek/.
Daar is waarlik waardevolle diamante wat rondlê!

9.3 Wat is Nuut?

Dinge verander so vinnig, en ons lede is so kreatief dat ons nie aldag kan kophou nie. Gaan kyk asb op
- Transvaal se webblad by https://transvaal.voortrekkers.co.za/
- Voortrekkers se webblad by https://voortrekkers.co.za/nuus/

9.4 Volwasse Sake se fokus

Die tema van hierdie jaar se Voriesaamtrek (wat nie gebeur het nie) was – **Eier**.
Om rondom hierdie tema te bou is die fokuspunte vir Volwasse Sake ook rondom die eier ingepas (sien die skets):

- Ons fokus op **GOD** as die kompas in ons lewens
- Ons fokus op ons volwasse lede se persoonlike **GROEI** om hulle volle potensiaal te bereik as roepinggedrewe individue
- Ons fokus op die belangrikheid van die **GESIN** as ‘n kern element wat soos die span binne Voortrekkerverband vir ons veilige hawens bied waarbinne ons kan groei (sien **KAN Dokument**)
- Ons fokus op die krag en die ontginning (netwerk/verhoudings bou) van **GEMEENSKAPPE** om as versterking in ons lewens te dien.

Wees veilig, en moet asb nooit vergeet om asseblief en dankie te sê nie ...

Ons sluit af met die gedagte: “Die lewe is soos ‘n spieël; wanneer ‘n mens daarin glimlag, dan glimlag dit vir jou terug.” Mag jy tenspyte van jou COVID-19 ervarings (en teleurstellings) steeds glimlag, want dan glimlag die wêreld saam met jou.

Ons *gaan Groot* met breë glimlagte, geesdrif en entoesiasme wat hoog vlam!

Voortrekkergroete,

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine1711@gmail.com)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)
Charene Agenbach – AGSD (0828349971 - transvaal.staatmakers@gmail.com)